

## Gereformeerde Kerk Bellville – 6 Augustus 2017 – Aand

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 7-2:1, 2

- 1 Die Begin en Einde, / Alfa en Omega, / hoor, dis Ek wat kom!  
Hou my wet en woorde / tot jy deur die poorte / veilig binnekom.  
Buite bly die bouse staan, / sondaars wat voor God nie bewe. / – Jý ontvang die lewe!
- 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.  
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / “Einde van die nag!”  
En die Gees en bruid roep uit: / “Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 68:9, 13 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.  
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?  
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.  
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.
- 13 Ons prys U, HEER, in sang en lied. / U het u sterkte ons gebied / toe 't nag was, lank gelede;  
U het gehoor na ons gebed, / U het ons roemryk uitgered – / o hoor nou weer ons bede!  
Dan pas die vorste tot u eer / en om u huis ontwil, o HEER, / eerbiedig op u wenke.  
Hul sal U dan van alle kant, / selfs uit die allerverste land, / vereer met hul geskenke.

Gebed

Skrifberyming 8-1:1, 2 (Sb 14)

- 1 “Water sal ek op hul sprinkel, / water uit 'n springfontein.”  
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.  
“Nuwe harte gee 'k aan julle, / en Ek gee 'n nuwe gees;  
'k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee 'n hart van vlees.
- 2 “'k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou  
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.  
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry  
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My.”

**Skriflesing:** Johannes 17:1-26; 1 Johannes 2:1-6;  
Heidelbergse Kategismus, Sondag 18:49

**Kernvers:** 1 Johannes 2:1; Johannes 17:15-17, 24

**My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.** (1 Johannes 2:1 AFR53)

**Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar. Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie. Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.**

**Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlijkheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.**

(Johannes 17:15-17, 24 AFR53)

## Heidelbergse Kategismus

### **Vraag 49: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?**

*Antwoord: Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is (a). Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem (b). Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur (c), deur wie se krag ons soek wat daar bo is, waar Christus aan die regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie (d).*

*(a) 1 Joh 2:1; Rom 8:34. (b) Joh 14:2; 17:24; 20:17; Efes 2:6. (c) Joh 14:16; 16:7; Hand 2:33; 2 Kor 1:22; 5:5. (d) Kol 3:1.*

### **Tema: Die nut van Christus se hemelvaart vir sy verlostes**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, toe die vraagsteller die gelowige oor die hemelvaart van Jesus begin uitvra, het sy agterdog oor die waarheid van die hemelvaart nog duidelik in sy vraag weerklink. Deur die verkondiging van die evangelie het die Heilige Gees sy ingesteldheid teenoor die hemelvaart verander. Sy gesindheid is sodanig verander dat hy selfs vir die gelowige uitgevra het of Christus se hemelvaart nie die beloftes van sy nabyheid aan sy kerk in gevaar stel nie.

Die entoesiasme waarmee die gelowige oor die hemelvaart van Christus praat, dring die vraagsteller om ook te vra watter voordeel daar vir hom en die ander verlostes is in Jesus se hemelvaart. Uit die klank van sy stem hoor die vraagsteller dat die gelowige bly is dat Jesus opgevaar het na die hemel. Vir die vraagsteller is dit heeltemal onverstaanbaar. Die hemelvaart was tog Jesus se vertrek van die aarde af na die hemel toe. En dit is nou al so lank dat Jesus weggegaan het na die hemel toe. Hoe is dit dan moontlik dat die gelowige bly kan wees oor die hemelvaart van Jesus. Afskeid en weg wees van jou geliefdes is mos eerder iets om oor hartseer te wees en nie bly nie. Die vraagsteller kan dit nie langer hou nie. Vertel asseblief vir my, gelowige, **watter nut het die hemelvaart van Christus vir julle gelowiges?**

Broers, susters en kinders, luister net na die antwoord en verkondiging van die gelowige. Jesus se hemelvaart hou vir die gelowiges drie besliste en troosryke voordele in. **Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is. Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem. Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur, deur wie se krag ons soek wat daar bo is, waar Christus aan die regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie.**

Die eerste voordeel wat gelowiges uit die hemelvaart van Jesus Christus ontvang, is die feit dat hulle 'n Voorspraak in die hemel by die Vader het. Wanneer jy aansoek doen vir 'n werk, handig jy jou CV in saam met jou skriftelike aansoek. Afgesien van al jou kwalifikasies en werksondervinding skryf jy ook een of twee verwysings neer in die CV. Hierdie verwysings is mense wat 'n goeie woord vir jou kan doen by die nuwe werkgever. So 'n verwysing doen dan voorspraak vir jou.

Christus is in die hemel die Voorspraak van gelowiges by die Vader. In die woorde van 1 Johannes 2 hoor ons dat Christus se Voorspraak beslis meer is as net 'n goeie woordjie wat Hy vir 'n mens doen. Luister weer hoe sê Johannes dit:

**My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. (1 Johannes 2:1 AFR53)**

As iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader. Ag, en hoe maklik gebeur dit dat ons sonde doen. Jy neem jou ernstig voor om vandag getrou aan die Here te lewe, maar ongelukkig weet die ou duiwel waar jou en my swak plek is. Hy het sy visier ingestel op elke kind van God se swak plek en hy val hulle meedoënloos aan. Daarby is die wêreld ook nie ver agter met al die verleidings om gelowiges te laat struikel en tot 'n val bring nie. En as dit maar net hierdie aanvalle en uitlokkings van buite af was, sou 'n gelowige miskien nog weerstand kon bied. Maar nou is dit ongelukkig so dat elke gelowige ook nog 'n sondige geaardheid wat geneig is om agter die verleidings en uitlokkings aan te loop en daarvoor te val. Wat 'n troos is dit om te weet dat jy as gelowige dan 'n Voorspraak by die Vader het. Wat 'n heerlike vertroosting was dit eintlik vir Petrus gewees om te kon hoor dat Jesus vir hom gebid het nog voordat die versoeking daar was om die Here Jesus te verloën.

Nou vertrou die Heilige Gees die gelowiges met hierdie woorde in 1 Johannes 2 – julle het 'n Voorspraak by die Vader in die hemel. Wanneer ons van skuld praat en ons weet dat God die heilige Regter is, kom ons agter dat Christus se voorspraak baie meer as 'n goeie woordjie moet wees. Hy is in werklikheid gelowiges se Advokaat wat vir hulle saak by die Vader pleit. En as Advokaat gaan Jesus nie die feite so bietjie onderbeklemtoon sodat die gelowige se skuld nie so erg moet klink nie. Eerlik sê Hy vir sy Vader: Vader, hier is die een en dit is wat hy gedoen het. Hierdie kind van u is werklik skuldig, want hy het U vertoorn en die Heilige Gees bedroef. In werklikheid verdien hy die ewige dood. Wanneer Christus vir die gelowige pleit, verdoesel Hy niks van die gelowige se skuld nie.

As Voorspraak van die gelowige sê Christus nie maar net wat op die klagstaat staan nie. Hy gaan verder en pleit vir die gelowige. Hy sê: Vader, hierdie kind van U is inderdaad die ewige dood skuldig, maar Ek wil dat U hom sal vergewe en vryskeld van die straf. Wanneer Christus so pleit by die Vader versoek Hy nie dat die Vader iets moet doen nie. Hy eis dat die Vader dit sal doen. Christus kan dit alleenlik eis omdat Hyself volmaak die skuld vir hierdie kind van God betaal het.

In Levitikus 16 lees ons van die groot versoendag wat Israel van ouds elke jaar moes vier. Dit is net op hierdie dag dat die hoëpriester tot in die allerheiligste deel van die tempel kon ingaan waar die verbondsark staan. Wanneer die bok geslag is vir die sondes van die volk moet die hoëpriester die bloed opvang in 'n kom en daarmee in die allerheiligste deel van die tempel ingaan. Dan sprinkel hy die bloed op die deksel van die ark en voor die ark as bewys van die offer wat vir die volk se sondes gebring is. Daarom bid hy en vra die Here om sy volk hulle sondes te vergewe.

Christus is die enigste Hoëpriester van gelowiges. Hy het nie in 'n heiligdom ingegaan wat met mensehande gemaak is nie. Christus het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van gelowiges voor God te verskyn. As Hy dan voor God verskyn vir die gelowige kom Hy in met sy eie bloed wat Hy vir die gelowige se lewe gestort het. Sy volmaakte gehoorsaamheid en offer bring Hy voor sy Vader in herinnering. Heilige Vader, Ek het my kosbare bloed gestort vir die lewe van hierdie kind. Vergewe hom!

En inderdaad is Christus se gehoorsaamheid en offer volmaak. Die Vader is tevrede met die verlossingswerk wat Christus gedoen het. Daarom het Hy Hom uit die dood opgewek en opgehef tot in die hemel aan sy regterhand. As die ewig lewende Here tree Christus altyd so by die Vader in vir die gelowiges. Hy word nooit moeg nie. Hy sluimer nooit in en vergeet van sy broers en susters nie. Daarom kan Hy hulle ook volkome red. Die Vader verhoor elkeen van daardie gebede van sy Seun volmaak.

Hoor jy dit, geliefde kind van God? Hoor jy dit, geknakte riet en rokende lampfit? Jesus

Christus, die enigste Hoëpriester bid onophoudelik vir jou. As ons vir die soveelste keer gesondig het, ontrou gewees het, God beledig en vertoorn het, gebede bykans gedagtelooos afgerammel het, geen erns met ons sondes gemaak het nie ... dan bid Hy vir ons dat die Vader ons in guns moet aansien omdat Hy self reeds vir al daardie sondes aan die kruis betaal het.

Die tweede voordeel vir gelowiges uit Jesus se hemelvaart is dat hulle hulle menslike natuur in die hemel as waarborg het dat Hy, die Hoof van die liggaam, ook elke ledemaat van Hom na Hom toe sal neem. Besef u nou watter groot troos dit is dat die dissipels gesien het hoe Jesus liggaamlik opgeneem is in die hemel? Die dissipels kon daarvan getuig. Stefanus kon Jesus sien staan aan die regterhand van God. En nou hoor ons ook nog hierdie woorde uit Jesus se eie mond:

**Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlijkheid kan aanskou.** (Johannes 17:24 AFR53)

Jesus se weggaan van die aarde af nadat Hy uit die dood opgestaan het, was nooit omdat Hy van sy mense af wou wegkom nie. Inteendeel, Hy het hulle so lief, soos wat sy Vader Hom lief het. Sy weggaan van die aarde af was om plek te gaan voorberei in die woning van sy Vader vir elkeen vir wie Hy aan die kruis betaal het. Hy wil immers hê dat elkeen wat die Vader aan Hom gegee het by Hom sal wees. Jesus spreek dus sy hartsbegeerte teenoor sy Vader uit oor gelowiges. Hy wil hulle by Hom hê.

Jesus wil sy geliefdes by Hom hê voor sy Vader se troon sodat hulle sy heerlijkheid kan sien, die heerlijkheid wat God aan Hom gegee het omdat die Vader Hom al van voor die skepping af liefhet. Petrus, Johannes en Jakobus het 'n vlugtige blik op hierdie heerlijkheid gekry toe hulle saam met Jesus op die berg van verheerliking was. Johannes het die heerlijkheid van Jesus weer sien toe Jesus aan hom die boek Openbaring gegee het. Paulus het ook die heerlijkheid van die Here gesien toe hy deur die Gees tot in die hemel opgeneem is. Maar hierdie voorreg om die heerlijkheid van ons Here Jesus te sien, is nie net vir sommige gelowiges beskore nie. Jesus wil al sy geliefdes by Hom hê om sy heerlijkheid te sien, want die heerlijkheid wat Hy het is die bewys dat die Vader Hom baie liefhet. Jesus skenk hierdie voorreg aan al sy geliefdes omdat Hy hulle so liefhet soos wat sy Vader Hom liefhet.

Wat voorheen nie kon gebeur nie – dat die mens in die heilige teenwoordigheid van God mag kom en Hom sien nie – sal gebeur. Jesus Christus se teenwoordigheid met sy menslike liggaam by die Vader is die waarborg daarvan. Elke ware gelowige sal nog die voorreg hê om by Jesus in die hemel te kom omdat die Vader hierdie gebed van Jesus altyd sal verhoor.

Ja, wanneer 'n gelowige sterf, verhuis sy siel oombliklik na die Here terwyl sy liggaam hier op die aarde begrawe word. Maar die Here Jesus het nie net die siele van mense verlos toe Hy aan die kruis gesterf het nie. Hy het ook vir hulle liggame aan die kruis betaal. Daarom sal Jesus die gelowiges met sy wederkoms uit die dood opwek sodat hulle met liggaam en siel saam met Hom vir ewig kan lewe op die nuwe aarde. En luister nou net hoe sê Heilige Gees wat gaan dan gebeur:

**En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.** (Openbaring 21:2-3 AFR53)

Christus wil sy mense by Hom hê. En die feit dat daar reeds 'n menslike liggaam soos ons s'n in die hemel is, is vir gelowiges die vaste versekering dat hulle ook daar sal kom. Dan sal die woorde van Paulus aan die Tessalonisense: **En so sal ons altyd by die Here wees**, op 'n heerlike wyse vervul word. Dan sal gelowiges ervaar wat dit beteken om burgers van die hemel te kan wees (Fil. 3:20).

Christus is in sy menslike natuur in die hemel by die Vader, maar Hy het sy mense nie wees agtergelaat op die aarde nie. Toe Hy nog op die aarde was, het Hy al vir sy dissipels gesê dat dit tot hulle voordeel is dat Hy weggaan. Wanneer Hy gegaan het, sal Hy die Heilige Gees as Trooster stuur om ewig by hulle te bly. Op Pinksterdag het die Heilige Gees gekom. Dit bring ons by die derde voordeel wat gelowiges uit Christus se hemelvaart ontvang.

Die Heilige Gees is Christus se Gees wat Hy aan sy mense gee sodat hulle altyd aan Hom sal dink.

In sy gebed het Jesus nie gevra dat God die gelowiges uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat Hy hulle in die wêreld van die Bose moet bewaar. Ons weet ook hoe swak gelowiges is. Hulle struikel maklik – soms vir die geringste versoeking. Die Heilige Gees bewaar juis die verlostes deur hulle aan die woorde van Jesus te herinner. Deur sy werking word hulle gedagtes en begeertes opgehef na die hemel waar die opgestane Christus is. Die Heilige Gees laat gelowiges besef dat hulle vernaamste taak nie is om vir hulle 'n skat hier op aarde te vergader nie, maar 'n skat in die hemel wat nie beskadig of gesteel kan word nie. Deur sy Heilige Gees maak Christus al die weldade wat Hy deur sy lyding en sterwe vir gelowiges verwerf het tot hulle eiendom. Deur sy Gees verseker Hy hulle ook dat hulle kinders van God is.

Geliefdes, met sulke voordele wat Christus se hemelvaart vir die gelowiges meebring, is dit geen wonder dat die gelowige entoesiasties en met groot blydskap oor die hemelvaart van Jesus kan praat nie. Mag die Heilige Gees elke ware kind van God opwek tot hierdie blydskap. Die opgestane Christus bid vir hom. Daar is in die hemel 'n menslike liggaam soos syne en dit verseker hom dat hy ook by die Here sal wees as mens. En intussen is die Gees van Christus heerlik en heilsaam in hom aan die werk en maak hom gereed om eendag daardie laaste tree in die ewige koninkryk van God in te neem.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 18-6:2, 3, 4, 5

- 2 Die nuwe stad, Jerusalem, / daal uit die hemel neer;  
Skoon soos 'n bruid in heerlijkheid – / geliefde van die Heer.
- 3 Die Heer droog al die trane af, / verby is droefheid, dood.  
Ja, pyn en smart wyk uit die hart – / ons moeite, ang en nood.
- 4 "Ky, Ek maak alles nuut," sê God. / "Laat hom wat dors het, kom.  
En hy sal vind hy is my kind; / Ek is 'n God vir hom!"
- 5 Oorwinnaars sal ons alles erf / en drink uit die fontein  
van lewenswater, heerlik rein. / En God sal oor ons skyn.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

**Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
6 Augustus 2017**